# HOOFSTUK 8

# ONDERWYSERSOPLEIDING EN ONDERWYSPERSONEEL AAN SKOLE VIR BLINDE LEERLINGE

## 8.1 INLEIDING

In die eerste plek sal die opleiding van onderwysers vir blinde leerlinge bespreek word. Wat betref universitêre opleiding in hierdie verband in die RSA, sal slegs na kursusse aan dié univer=siteite wat redelike noue skakeling met die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool te Pretoria handhaaf, verwys word, naamlik die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Stellenbosch. Vervolgens sal in=diensopleiding en studie in oorsese lande aan die orde gestel word. Ook die opleiding van onderwysers vir skole vir blindes in Engeland sal bespreek word. Wat betref die situasie ten opsigte van onder=wyspersoneel aan skole vir blindes as sodanig, sal die volgende as=pekte aangesny word: Die toekenning van onderwyspersoneel, die grootte van die klasse, die kwalifikasies van onderwyspersoneel en die verwisseling en ervaring van onderwyspersoneel.

## 8.2 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

### 8.2.1 DIE SITUASIE IN DIE RSA

#### 8.2.1.1 Opleiding aan universiteite

##### a. Inleiding

Nuwe leerkragte aan die Skool vir Blindes te Worcester en die Prinshofskool word aangemoedig om vir spesialiseringskursusse in die opvoeding en onderwys van blinde kinders aan universiteite in te skryf. Daar word verkies dat personeellede eers na 'n jaar of twee se praktiese ondervinding aan 'n skool vir gesigsgestremdes vir spesialiseringskursusse sal inskryf, aangesien die probleem=

situasie van die blinde kind dan beter begryp word, die leerkrag met brailleskrif kennis gemaak het en 'n beter greep op die teorie in die lig van die kennis van die praktyk verkry kan word. Die verwerwing van 'n toepaslike kwalifikasie word deur die Departement van Nasionale Opvoeding met 'n salarisverhoging erken. Die Bestuur (kerklike beheerliggaam) van die Skool vir Blindes moedig ook per= soneellede tot verdere studie aan deur hul studiekoste te finansier.

b. Die Universiteit van Suid-Afrika

In 1966 begin die Universiteit van Suid-Afrika met die aanbieding van 'n studiekursus met die oog op die verwerwing van die *Diploma in Buitengewone Onderwys** (Vaughan, 1967, p. 249). Aangesien dit 'n korrespondensiekursus is, word persone wat ver van die univer= siteit woonagtig is, ook in staat gestel om vir die kursus in te skryf. Vir toelating tot die kursus moet kandidate in besit wees van

ôf 1. 'n erkende onderwysersdiploma wat na deurloping van 'n driejarige onderwysersopleidingskursus uitgereik is,

ôf 2. 'n graad en 'n erkende onderwysersdiploma.

Die leergang maak voorsiening vir 'n studietydperk van minstens twee jaar en die inhoud van die kursus sluit die volgende aspekte in:

1. Geskiedenis van die onderwys.
2. Die fisiologies-mediese aspekte van die gesigsgestremde kind.
3. Sielkundige aspekte van die gesigsgestremde kind.
4. Ortodidaktiek.
5. Praktiese onderwystoets (U. van S.A., 1972, p. 143).

---

*Die Universiteit van Suid-Afrika bied spesialiseringskursusse in die onderwys van gesigsgestremde, gehoorgestremde, epileptiese en serebraalverlamde kinders aan. Die onderwys van gesigsgestremdes is dus een van die spesialieringsrigtinge van die DBO-kursus.

Uit die inhoud van die DBO-kursus blyk dat besondere aandag aan die fisiologies-mediese aspekte van gesigsgestremdheid gegee word. Dit is noodsaaklik dat die onderwyser bewus sal wees van die im= plikasies van die gesigsgestremdheid van elke individuele leerling, veral waar sommige van die leerlinge nog oor bruikbare gesigsreste beskik. In hierdie verband word spesifiek gedink aan braillekandi= date met nog so 'n mate van gesig dat dit vir hulle in die klaska= mersituasie, afgesien van die lewensituasie, van waarde mag wees (kyk 5.3.1.2).

Wat betref die verstandelik vertraagde blinde kind, die doofblinde kind en die voorskoolse blinde kind word in die afdeling wat handel oor die "Sielkundige aspekte van die gesigsgestremde kind" aan hierdie spesialiseringsrigtinge in die opvoeding en onderwys van blinde kinders aandag gegee.

Dit is belangrik om daarop te let dat sekere prinsipiële aspekte wat die opvoeding en onderwys van blinde kinders onderlê, nie werk= lik *omvattend* in hierdie kursus aangesny word nie. In hierdie ver= band word onder andere gedink aan aspekte soos die volgende: Die blinde kind as hulpbehoewende wese, maar ook as volwaardig mens binne die grense wat vir hom gestel is; die ongelykheid van mens teenoor mens ten opsigte van hulle moontlikhede, maar ook die aan= spraak van elke persoon, ongeag sy beperkthede, op gelyke ontplooi= ingsgeleenthede; die noodwendigheid van gedifferensieerde opvoe= dingshandelinge; die noodsaaklikheid van gerigtheid op die le= wenswerklikheid, maar ook van die erkenning van die eie werklikheid van die blinde.*

---

*Vir 'n breëre uiteensetting, kyk hoofstuk 2.

## c. Die Universiteit van Pretoria

Die Universiteit van Pretoria bied nie 'n spesialiseringskursus in die onderwys van blinde leerlinge aan nie, maar wel in die onder= wys van swaksiende leerlinge. Die Hoër Nasionale Onderwysdiploma, asook die B.Ed.-graad met die moontlikheid van die verwerwing van die endossement "Buitengewone Onderwys", word as studiekursusse aangebied. Aspekte van die opvoeding en onderwys van swaksiende leerlinge wat in hierdie kursusse aangesny word, is onder andere Elementêre Gesigkunde, Kommunikasiepedagogiek en Ortodidaktiek (U.P., 1973, pp. 8, 9 en 18).

## d. Die Universiteit van Stellenbosch

Die Universiteit van Stellenbosch bied ook nie 'n kursus wat spe= sifiek op die onderwys van die blinde kind gerig is, aan nie. 'n Diploma vir Onderwysers van Spesiale Klasse (DOSK) word egter wel aangebied wat ook vir onderwysers van verstandelik vertraagde blin= de kinders van besondere waarde is. Dié kursus omvat die volgende vakke, naamlik Filosofie van die Opvoeding, Historiese Opvoedkunde, Onderwyspraktyk van Buitengewone Onderwys, Opvoedkundige Sielkunde, Metodiek van Taalonderrig, Metodiek van Rekenkunde-onderrig en Skoolkuns. Verder word ook 'n nagraadse Diploma in Buitengewone Onderwys aangebied wat in besonder op die opvoeding en onderwys van die verstandelik vertraagde kind gerig is (U.S., 1972, pp. 456-457).

## e. Slotopmerking

Van die universiteite in die RSA bied slegs die Universiteit van Suid-Afrika 'n volwaardige spesialiseringskursus in die opleiding van onderwysers vir blinde leerlinge aan. Hierdie toedrag van sa= ke kan in die eerste plek daaraan toegeskryf word dat die meerder= heid persone wat in die opvoeding en onderwys van blinde kinders

wil spesialiseer, in die reël reeds aan die personeel van die Skool vir Blindes te Worcester verbonde is. Hierdie persone is dus redelik ver van 'n residensiële universiteit woonagtig en waar die Universiteit van Suid-Afrika korrespondensiekursusse aanbied, is dit vir personeellede die gerieflikste om aan hierdie universiteit in te skryf. In die tweede plek is die aantal persone wat in hierdie rigting wil spesialiseer relatief klein en die aan=tal studente regverdig dus nie die uitbreiding van opleidingsge=riewe nie.

### 8.2.1.2 Indiensopleiding

Aanvanklik het die Skool vir Blindes te Worcester 'n omvattende in=diensopleidingskursus vir nuwe leerkragte aangebied. Sedert 1966 toe die Universiteit van Suid-Afrika met 'n spesialiseringskursus vir onderwysers van blinde kinders begin het, is hierdie indiensop=leidingskursus gestaak. Die Skool vir Blindes bied egter steeds 'n *kursus in brailleskrif* aan nuwe leerkragte aan. Van leerkragte word verwag om hierdie kursus te deurloop en aan suksesvolle kan=didate reik die skool 'n sertifikaat uit. 'n Senior onderwyser is verantwoordelik vir die aanbieding van hierdie kursus wat ongeveer nege maande duur.

Sodra 'n onderwyser aan die Skool vir Blindes aangestel word, word hy onder *toesig* van 'n vise-hoof geplaas. Dit is die taak van die vise-hoof om hom in die basiese metodologiese aspekte van die on=derwys van die blinde kind in te lei. Aan die Prinshofskool word twee klasse soms saamgevoeg en vertoef die nuwe leerkrag tot twee weke as waarnemer en "student" in die klas van 'n ervare onderwy=ser.

Verder word gereelde samesprekings en personeelvergaderings gehou en word probleme wat ondervind word, bespreek. Dikwels word indi=widuele leerlinge en hul probleme tydens vergaderings bespreek en

ook onderwysersielkundiges word hierby betrek. Inspekteursver= slae word met elke onderwyser bespreek en raad word verleen. Gedurende *personeelbyeenkomste* word soms ook deur senior perso= neellede praatjies gelewer oor aktuele probleme in die opvoeding en onderwys van blinde kinders.

Heelwat van die onderwysers verbonde aan die Prinshofskool en die Skool vir Blindes woon die tweejaarlikse *konferensies* van onder= wysers van gesigsgestremde kinders by. Hierdie konferensies word deur die skole vir gesigsgestremde kinders georganiseer. Referate word deur onderwysers en ander deskundiges op die gebied van die opvoeding en onderwys van blinde kinders gelewer en sowel die re= ferate as die besprekings word gepubliseer.

Afgesien van genoemde aspekte van indiensopleiding, is daar ook ander personeelwerksaamhede waardeur leerkragte diepere insig in spesifieke probleme kry en wat as sodanig as indiensopleiding beskou kan word. Aan die Skool vir Blindes te Worcester word van die personeel verwag om waar moontlik, oor nuwe pedagogiese en didak= tiese insigte waartoe hulle geraak het, *verslag te doen*. In hier= die verband moet gewys word op spesifieke metodes wat aangewend is en die sukses daarmee behaal; onverwagte probleme wat opgeduik het en hoe hulle oorkom is; geleenthede wat te baat geneem is om ook aangeleenthede wat moontlik buite die sillabus val, by leer= linge tuis te bring (geleentheidsonderwys); insidente in die klaskamer en probleme van indiwiduele leerlinge wat moontlik vir ander onderwysers van belang mag wees.

Personeel doen soms self *navorsing* in verband met knelpunte in die opvoeding en onderwys van blindes. Daar is byvoorbeeld verlof aan 'n blinde personeellid van die Skool vir Blindes te Worcester toegestaan om in die lig van die metriseringsbeleid 'n nuwe brail= lenotasiestelsel vir Rekenkunde daar te stel. Nuwe simbole moes in brailleskrif ontwerp word. Verder funksioneer aan beide skole

komitees wat oor aktuele sake inligting moet inwin en verslag moet doen. Sommige van hierdie komitees wat aan òf die een, òf die ander skool funksioneer of gefunksioneer het, is die volgende:

a. 'n Komitee vir die ondersoek van die moontlike verlenging van die skooldag.

b. 'n Komitee wat ondersoek ingestel het na die slaagvereistes in die primêre afdeling.

c. 'n Komitee wat die algemene sosiale opvoeding van die leerlinge beplan en deurvoer.

d. 'n Rekenkundekomitee.

e. 'n Band- en Brailleproduksiekomitee.

f. 'n Blindianakomitee wat verantwoordelik is vir die beheer oor, uitbouing, uitstalling en katalogisering van die Blindi=anaversameling.

g. 'n Oudiovisuele komitee.

h. 'n Komitee wat moes beraadslaag oor die moontlikheid om in standerds 6, 7 en 8 die vakke Fisiologie en Natuur- en Skei=kunde met die vak Algemene Wetenskap te vervang.

i. 'n Komitee om sowel die integrasie van die biblioteek by klaskameraktiwiteite as die gebruikmaking van die biblioteek deur leerlinge te bevorder (kyk bylae A, v. 3.9).

Die indiensopleiding van onderwysers aan skole vir blindes in die RSA is indrukwekkend. In besonder gee die indiensopleidingsakti=witeite aan hierdie skole aan personeel die geleentheid tot die uitoefening van persoonlike inisiatief, asook tot deelname aan, en betrokkenheid by die uitbouing van die opvoeding en onderwys van blinde kinders.

### 8.2.1.3 Studie deur personeel in die buiteland

Die relatief groot aantal personeellede aan sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool wat oorsese studie of studiereise onderneem het, is opvallend. Die Departement van Nasionale Opvoeding ken elke jaar enkele beurse vir oorsese stu= die toe. Dit is egter in besonder die kerklike beheerliggame wat oorsese studie vir personeel finansieel moontlik maak en die De= partement staan dan die nodige studieverlof toe.

Die hoofde van beide skole het reeds oorsese studiereise onderneem, konferensies bygewoon en reisverslae gepubliseer. Die skoolhoof van die Skool vir Blindes het byvoorbeeld in Augustus 1968 die Internasionale Konferensie oor die Onderwys van Doofblindes in Nederland bygewoon. Hy het ook in Engeland tyd bestee aan die bestudering van probleme in verband met die opleiding van reke= naarprogrammeerders en klaviertegnici. 'n Onderwyser en onderwy= seres verbonde aan die Skool vir Blindes het 'n kursus aan die Perkins School for die Blind te Watertown in Massachusetts deur= loop, terwyl 'n musiekonderwyser gedurende 1969 in "die gebruik van Orff-instrumente in 'n program van musikale opvoeding" te Salzburg in Oostenryk gespesialiseer het (SANRB, 1970, pp. 116-117). Sedertdien het 'n onderwyseres 'n kursus wat die mobiliteits- en oriëntasieprobleme van blinde persone as tema gehad het, in Londen deurloop, terwyl 'n ander personeellid spesiale korttermyn navor= sing oor die onderrig van Wiskunde en natuurwetenskappe aan blindes in Brittanje onderneem het (Suid-Afrika, 1970b, p. 32; kyk bylae A, v. 3.15 en 3.20).

In 1970 was daar agt personeellede aan die Skool vir Blindes ver= bonde wat reeds amptelike studiereise en navorsing in die buite= land onderneem het. Aangesien die Skool vir Blindes die enigste volwaardige skool vir Blanke blindes in die RSA is, is daar 'n wesenlike gevaar van isolasie en stagnasie wat betref die

opvoedings- en onderwysprogram. Daarom is die finansiële bydrae van veral die Bestuur van hierdie skool in 'n poging om noue ska=keling met instansies verantwoordelik vir die opvoeding en onder=wys van blindes in die buiteland te bewerkstellig, des te meer aktueel.

## 8.2.2 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR SKOLE VIR BLINDES IN ENGELAND

Die Department of Education and Science vereis spesifieke kwali=fikasies van onderwysers aan skole vir blindes. In omsendbrief 10 van 1971 van hierdie Departement word hierdie vereistes soos volg gestel:

*"The Secretary of State requires teachers of blind ... children (except those engaged solely in teaching crafts, domestic or trade subjects, ...) to have additional quali=fications as indicated below. Those teaching at special schools must have the basic qualifications required for teachers in primary schools and must obtain one of the addi=tional qualifications within three years of taking up a post.*

*Teachers in Schools for the Blind must either:*

*(a) obtain the School Teachers' Diploma of the College of Teachers of the Blind (obtained by studying while teaching in a special school) or*

*(b) successfully complete the one-year course of training for teachers of the visually handicapped at Birmingham Uni=versity (full-time study)"* (Great Britain, 1972, p. 92).

Die eksamen vir die Diploma genoem in (a) hierbo is gebaseer op die praktiese ondervinding wat 'n onderwyser gedurende sy eerste twee jaar aan 'n skool vir blindes opgedoen het. Sy vermoë om braille te skryf en te lees, asook sy bekwaamheid met betrekking

tot die oplossing van probleme waarmee onderwysers vir blinde kinders te kampe het, word geëvalueer. Verder moet die kandidaat 'n teoretiese uiteensetting gee van hoe sekere vakke aan blinde kinders aangebied moet word. Ook sy praktiese onderwys word geëvalueer.

Vir toelating tot die eenjarige kursus aan die Universiteit van Birmingham word ten minste twee jaar onderwyservaring in skole vir siende leerlinge vereis. Addisionele ervaring in skole vir blindes is wenslik maar nie essensieel nie. Die kursus omvat praktiese onderwys aan blinde kinders, "opvoedings- en ontwikke=lingspsigologie" en onderrig in gespesialiseerde metodes van on=derwys. Evaluering van die vordering van kandidate is gebaseer op praktiese werk, 'n geskrewe eksamen en 'n dissertasie oor 'n onderwerp aangaande die onderwys van gesigsgestremdes. Die kur=sus vereis ook uitgebreide besoeke aan spesiale skole vir ver=skillende tipologieë gestremdes (Great Britain, 1972, p. 93).

Van bogenoemde aspekte met betrekking tot die opleiding van on=derwysers vir skole vir blindes verdien die volgende spesiale vermelding:

a. In die eerste plek word deur die College of Teachers for the Blind vereis dat 'n spesialiseringskwalifikasie verwerf moet word terwyl die kandidaat aan 'n spesiale skool vir gestremdes verbonde is. Hierdie vereiste kan daaraan toegeskryf word dat sodanige kandidate beter insig het in die probleemsituasie van die gestremde kind, moontlik reeds met brailleskrif kennis gemaak het en omdat kennis van die praktyk die insig in die teorie verdiep (kyk 8.2.1.1 a).

b. Daarenteen word vir toelating tot die voltydse eenjarige kur=sus aan die Universiteit van Birmingham vereis dat ten minste twee jaar onderwyservaring in skole vir siende leerlinge opge=doen is. In hierdie verband skryf die Vernonkomitee (1972) in

Engeland soos volg: *"We agree that some experience in ordi= nary schools is essential before teachers enter schools for the visually handicapped, and we regard a minimum of two years as desirable. It would however be wrong to deter some tea= chers from entering special education by making a fixed pe= riod mandatory; ... During their later service, teachers should be encouraged to return to ordinary schools for a pe= riod, perhaps on a term's secondment"* (p. 96).

c. Daar is op gewys dat die kursus aan die Universiteit van Birmingham vereis dat besoeke aan spesiale skole vir verskil= lende tipologieë gestremdes gebring sal word. Die rede hier= voor is tweërlei. In die eerste plek verg die toename van meervoudiggestremdheid onder blinde kinders dat onderwysers ook sal kennis dra van die implikasies van andersoortige gestremdhede. In die tweede plek is die bevorderingsmoont= likhede vir onderwysers aan skole vir blindes beperk as ge= volg van die relatief kleiner aantal skole. Onderwysersop= leiding wat ook die opvoeding en onderwys van andersoortige gestremde kinders insluit, vergroot dus die moontlikheid van die oorplasing van 'n onderwyser van een spesiale skool na 'n ander.

d. Ten slotte word vereis dat onderwysers aan skole vir blindes binne drie jaar nadat hulle tot dié betrekking toegetree het, 'n addisionele spesialiseringskwalifikasie verwerf. Die me= ning word dus gehuldig dat algemene onderwysersopleiding nie voldoende is vir onderwysers wat aan skole vir blindes ver= bonde is nie.

## 8.3 KWALIFIKASIES VAN ONDERWYSPERSONEEL AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

### 8.3.1 KWALIFIKASIES WAT VEREIS WORD

In die reël moet 'n onderwyser(es) aan 'n primêre skool oor 'n onderwysersdiploma beskik terwyl 'n onderwyser(es) aan 'n sekon=dêre skool oor 'n graad plus 'n onderwysersdiploma moet beskik. Alhoewel die deurloping van 'n spesialiseringskursus in die onder=wys van blindes opsioneel is, word dit sterk aanbeveel (byvoor=beeld die DBO-kursus) en word verkies dat met sodanige kursus 'n aanvang gemaak sal word nadat die leerkrag reeds 'n jaar of twee aan 'n skool vir gesigsgestremdes verbonde was (kyk bylae A, v. 3.8). Vir personeel wat vir Aanpassings- en/of Hulpklasse aan die Skool vir Blindes verantwoordelik moet wees, is kwalifikasies in Ortodidaktiek of Remediërende Onderwys 'n sterk aanbeveling.* Die verwerwing van die Diploma vir Onderwysers van Spesiale Klasse (DOSK - Stellenbosch) word byvoorbeeld sterk aanbeveel (kyk 8.2.1.1 d).

Verder word vorige onderwyservaring, ook in skole vir normaal=siendes, en sekere persoonskwaliteite besonder hoog aangeslaan. In besonder word geesdrif vir die opvoedings- en onderwystaak met betrekking tot blinde kinders in ag geneem, aangesien kandidate wat hul taak nie as 'n roeping beskou nie, selde suksesvolle on=derwysers is.**

---

*Aan sommige universiteite word die term "remediërende onderwys" en aan ander die term "ortodidaktiek" gebruik met verwysing na gespesialiseerde onderrig wat toegespits is op hulpverlening aan leerlinge wat leerprobleme ondervind.

**Vereistes ten opsigte van kwalifikasies en ervaring wat in Engeland geld, is in paragraaf 8.2.2 aangesny.

### 8.3.2 KWALIFIKASIES WAAROOR PERSONEEL BESKIK

Die hieropvolgende uiteensetting van die kwalifikasies van die personeel van die Skool vir Blindes te Worcester sluit die behe= rende personeel, onderwyspersoneel vir beide blinde en swaksiende leerlinge, onderwysersielkundiges, personeel van die Afdeling vir Doofblindes en die personeel van die Vak- en Beroepsafdeling in.

TABEL 8.1*

ALGEMENE ONDERWYSKWALIFIKASIES VAN DIE PERSONEEL AAN DIE SKOOL VIR BLINDES SOOS IN 1970

| | KWALIFIKASIES | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Personeel | Graad en di= ploma of sertifikaat | Slegs graad | Slegs diploma of ser= tifikaat | 'n Teg= niese ser= tifikaat | Vakante poste | To= taal |
| | N | N | N | N | N | N |
| Mans | 6 | 2 | 10 | 3 | 1 | 22 |
| Vroue | 7 | 1 | 21 | - | 1 | 30 |
| TOTAAL | 13 | 3 | 31 | 3 | 2 | 52 |

*Gegewens verkry uit verslag van die Departement van Nasionale Opvoeding (Suid-Afrika, 1970b, p. 31).

Onderwyspersoneel wat slegs oor 'n tegniese sertifikaat beskik, is aan die Vak- of Beroepsafdeling verbonde.

Die spesialiseringskwalifikasies waaroor onderwyspersoneel beskik, word in tabel 8.2 aangetoon.

TABEL 8.2*

SPESIALISERINGSKWALIFIKASIES VAN DIE PERSONEEL AAN DIE SKOOL VIR BLINDES SOOS IN 1970

| | KWALIFIKASIES | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Personeel | DBO-kursus** | Interne kursus: Skool vir Blindes*** | Perkins† Diploma | Ander: DOSK en Opleiding in handwerk vir blindes†† | Totaal††† |
| | N | N | N | N | N |
| Mans | 2 | 6 | 1 | 7 | 16 |
| Vroue | 4 | 13 | 1 | 3 | 21 |
| TOTAAL | 6 | 19 | 2 | 10 | 37 |

*Gegewens verkry uit verslag van die Departement van Nasionale Opvoeding (Suid-Afrika, 1970b, p. 31).

**Die Diploma in Buitengewone Onderwys (DBO) wat deur die Universiteit van Suid-Afrika aangebied word (kyk 8.2.1.1 b).

***Die interne kursus wat deur Skool vir Blindes aangebied is, is gestaak toe die Universiteit van Suid-Afrika die DBO-kursus in 1966 ingestel het.

†Die Perkins Diploma word deur die Perkins School for the Blind, Watertown, Massachusetts in die VSA aangebied.

††Die Diploma vir Onderwysers van Spesiale Klasse (DOSK) word deur die Universiteit van Stellenbosch aangebied (kyk 8.2.1.1 d).

†††Aangesien baie van die personeel oor meer as een spesialiseringskwalifikasie beskik, is hiérdie totale nie 'n aanduiding van die getal leerkragte ("mans" en "vroue") wat oor spesialiseringskwalifikasies beskik nie.

Uit tabel 8.2 blyk dat slegs 6 personeellede uit 'n totaal van 52 (twee poste was vakant) aan die Skool vir Blindes oor die Diploma in Buitengewone Onderwys beskik. Hierdie toedrag van sake moet onder andere daaraan toegeskryf word dat sommige leerkragte (19) die eertydse interne kursus wat deur die skool self aangebied is, deurloop het; ander (2) opleidingskursusse in die buiteland

deurloop het; sommige reeds soveel jare onderwyservaring het dat verdere opleiding nie as nodig geag word nie (kyk 8.6), en ander nog besig is om die kursus te deurloop.

Die personeel van die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool het uit twee leerkragte bestaan. Albei het oor 'n gewone onder=wysersdiploma beskik, terwyl een ook oor die Diploma in Buitenge=wone Onderwys beskik het.

## 8.4 DIE TOEKENNING VAN ONDERWYSPERSONEEL AAN SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA*

Die toekenning van onderwyspersoneel deur die Departement van Na=sionale Opvoeding vir skole vir blindes geskied soos volg: In die *pre-primêre en primêre afdeling* word vir die eerste 10 leer=linge twee leerkragte toegeken; sodra die leerlingtal 20 bereik, word 'n derde toegeken; verder word dan vir elke 10 leerlinge 'n volgende onderwyser toegeken. Wat betref die *sekondêre afdeling* word vir die eerste 9 leerlinge 2 leerkragte toegeken; sodra die leerlingtal 10 bereik, word 'n derde toegeken; dan word vir elke bykomende 10 leerlinge, 'n addisionele leerkrag toegeken. In so=wel die primêre as die sekondêre afdeling is die vyfde, agste, elfde, veertiende, sewentiende en dienooreenkomstige poste wat toegeken word, 'n senior onderwyserspos (Suid-Afrika, 1970a).

Die aanstelling van *hoofde, adjunkhoofde en vise-hoofde* geskied soos volg: By die instelling van die skool word twee poste toe=geken vir graad 1- en graad 2-skole, naamlik die pos van hoof en vise-hoof. Die gradering van die skool geskied aan die hand van 'n "omgesette" leerlingtal. Hierdie "omgesette" leerlingtal word

---

*Tydens die Vyfde Suid-Afrikaanse Konferensie oor die Onderwys van Gesigsgestremdes, gehou van 23 tot 26 Junie 1975 aan die Prins=hofskool is verbeteringe in personeeltoekenning deur die Departe=ment van Nasionale Opvoeding aangekondig. Besonderhede hierom=trent is egter nog nie aangekondig nie.

bereken deur die totale leerlingtal met 3 te vermenigvuldig en $\frac{1}{5}$ van die getal koshuisgangers daarby te tel. Die aantal kleu=ters word egter deur 2 gedeel voordat dit by die totaal gevoeg word. Indien die "omgesette" leerlingtal 300 oorskry, word die skool as 'n graad 1-skool geklassifiseer. 'n Adjunkhoofpos word toegeken sodra daar 20 onderwysposte toegestaan is. Die pos van die tweede vise-hoof is die 21ste pos. Die hoof en adjunkhoof word egter nie vir verdere kwotadoeleindes in aanmerking geneem nie.

Wat betref die toekenning van *musiekonderwysers* word soos volg te werk gegaan: Tot en met 74 leerlinge word een musiekonderwyser toegeken. Sodra die leerlingtal 75 bereik, word 'n tweede toege=ken; vir 150 leerlinge 'n derde en daarna vir elke verdere 75 leerlinge 'n addisionele musiekonderwyser. Sodra daar 4 musiek=onderwysers is, word 'n senior pos in musiek aan die skool toege=ken (kyk bylae A, v. 3.4).

Afgesien van die toekenning deur die Departement van Nasionale Opvoeding is die Skool vir Blindes te Worcester in die gelukkige posisie dat die Bestuur (kerklike beheerliggaam) sekere poste bewillig en finansieel dra indien in 'n besondere behoefte voorsien moet word en dié Departement se toekenningskwota nie daarvoor voorsiening maak nie. In 1970 het die Bestuur van die skool twee onderwysposte finansieel gedra.* Aan die Prinshofskool het die kerklike beheerliggaam 'n deeltydse pos van musiekonderwyser onderhou (Suid-Afrika, 1970b, p. 29).

---

*Afgesien van hierdie twee poste het die Bestuur ook die poste van twee klerklike assistente, vier huismoeders, een hulpdame in die Afdeling vir Doofblindes, een wassery-matrone en die skakelbe=ampte van die skool finansieel gedra.

Die verbetering deur die jare van die personeelsituasie aan die Skool vir Blindes dui daarop dat met behulp van die verantwoor= delike departemente veel vermag is. Gedurende die afgelope onge= veer *tien jaar* het die personeel aansienlik uitgebrei ten spyte van die feit dat daar nie 'n noemenswaardige vermeerdering in die leerlingtal was nie (kyk 4.4.1.1). Waar daar "aanvanklik", afge= sien van die hoof, slegs een vise-hoof en een onderwysersielkundi= ge aan die skool verbonde was, was daar in 1973 'n adjunkhoof, 3* vise-hoofde en 3 onderwysersielkundiges aan die skool verbonde.

Die feit dat personeeltoekenning in die eerste plek op grond van leerlingtal geskied, lewer egter wel probleme op. Die rede hier= voor is dat die komprehensiewe aard van die skool nie by sodani= ge toekenning van personeel in ag geneem word nie. Die vele op= voedings- en onderwysdienste wat deur die Skool vir Blindes aan= gebied word, verg besondere ruim personeelvoorsiening. Die Komi= tee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes (1970b) het dan ook aanbeveel dat die personeel= voorsieningskaal vir skole vir blindes in sy geheel hersien moet word en dat in besonder oorweging geskenk moet word aan verbete= ring van personeelvoorsiening ten opsigte van gesigsgestremde leerlinge op die vlak van die kleuter- en aanvangsonderwys, dit wil sê die voorbereidende groep, graad 1 (substanderd A) en graad 2 (substanderd B) (p. 34).

## 8.5 ONDERWYSER-LEERLINGVERHOUDING

### 8.5.1 DIE SITUASIE IN DIE RSA

Uit die voorafgaande uiteensetting blyk dat die personeeltoeken= ning deur die Departement van Nasionale Opvoeding 'n onderwyser-

---

*Die derde vise-hoofpos is spesifiek aan die Afdeling vir Doof= blindes, verbonde aan die Skool vir Blindes, toegeken.

leerlingverhouding van ongeveer 1 tot 10 impliseer. Die feit dat kerklike beheerliggame ook onderwysposte onderhou, verbeter egter die situasie enigsins.* In 1974 was daar aan die Skool vir Blindes gemiddeld 7 tot 8 leerlinge per klasgroep in die primêre afdeling, terwyl daar gemiddeld 8 tot 9 leerlinge per klasgroep in die sekondêre afdeling was. Die voorbereidende klas en sub= standerd A met 'n totaal van 9 kinders is in een klasgroep gegroe= peer. Vyftien leerlinge wat remediërende onderwys ontvang het, was in twee klasgroepe (Aanpassingsklasse) saamgetrek, terwyl 31 ver= standelik vertraagde kinders in drie Hulpklasse onderrig is. Aan die Prinshofskool was daar in 1973 twee klasgroepe van 7 leerlinge elk, naamlik 7 in die voorbereidende klas en 7 in graad 1 en 2 wat saamgegroepeer was.

Hieruit blyk dat die aantal leerlinge per klasgroep relatief klein is. Hierdie toedrag van sake moet egter deels daaraan toegeskryf word dat die kerklike beheerliggaam sekere onderwysposte onderhou.

### 8.5.2 DIE SITUASIE IN ENKELE OORSESE LANDE

In spesiale skole vir blindes in Engeland was daar in 1972 gemid= deld ongeveer 6 blinde leerlinge in elke klas (Great Britain, 1972, p. 96). Aan die skool vir blindes te Rome (Scuola Statale di Metodo 'A Romangnoli' per gli Educatori dei Ciechi) was daar in 1972 gemiddeld ongeveer 10 blinde leerlinge per klasgroep. Aan die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge in België was die voorgeskrewe onderwyser-leerlingkwota in 1972 1 tot 10. In die praktyk was daar egter minder as 10 leerlinge per onderwyser (kyk bylae B, v. 1.15).

*In tabel 4.1 word 'n uiteensetting gegee van die verdeling van leerlinge in klasgroepe en opleidingseenhede.

## 8.6 ONDERWYSERVARING VAN PERSONEEL

### 8.6.1 DIE SITUASIE IN DIE RSA

Die volgende uiteensetting van die aantal jare wat personeel reeds aan skole vir buitengewone onderwys verbonde is, gee 'n aanduiding van die ervaring en verwisseling van personeel. Van die 50 personeellede wat in 1970 aan die Skool vir Blindes te Worcester verbonde was, was 29 (58,0%) in daardie stadium reeds 6 jaar of langer aan die buitengewone onderwys verbonde. Vyftien (30,0%) personeellede was reeds 11 jaar of langer aan die buiten=gewone onderwys verbonde. Wat betref totale aantal jare onder=wyservaring, het 42 (84,0%) in 1970 reeds 6 jaar of langer in die onderwys gestaan. Sewe-en-twintig (54,0%) was reeds 11 jaar of langer aan die onderwys verbonde. Die senior onderwyser in die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool het in 1970 reeds 22 jaar in die onderwys gestaan waarvan 21 jaar in die buitengewone onderwys (Suid-Afrika, 1970b, pp. 32 en 65).

### 8.6.2 DIE SITUASIE IN ENGELAND

Wat betref die ervaring en verwisseling van personeel aan skole vir blindes in Engeland, rapporteer die Vernonkomitee (1972) soos volg: Uit 'n ondersoek in 1969 waarby 200 onderwysers betrek is, het geblyk dat 32 persent tussen 6 en 14 jaar en 23 persent vir 15 jaar of langer aan die skole vir blindes waar hulle in daardie stadium onderwys gegee het, verbonde was (Great Britain, 1972, p. 96). Vyf-en-vyftig persent van dié onderwysers was dus vir 6 jaar of langer aan die skole verbonde waar hulle in daardie sta=dium onderwys gegee het.

### 8.6.3 SLOTOPMERKING

Hierdie gegewens dui op 'n besondere mate van stabiliteit in die personeelsituasie aan skole vir blindes. Een moontlike verklaring

vir hierdie toedrag van sake is dat heelwat persone wat tot die buitengewone onderwys, en in besonder die onderwys vir blindes, toetree, dié beroep as roeping en lewenstaak beskou.

## 8.7 SAMEVATTING

Slegs die Universiteit van Suid-Afrika bied 'n volwaardige kursus in die onderwys vir blinde leerlinge aan, naamlik die Diploma in Buitengewone Onderwys. Die indiensopleiding van onderwysers aan skole vir blindes in die RSA is indrukwekkend. In besonder gee die indiensopleidingsaktiwiteite aan personeel die geleentheid tot die uitoefening van persoonlike inisiatief en deelname aan die uitbouing van die opvoeding en onderwys van blinde leerlinge. Voorts is die groot aantal personeellede aan sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool wat oorsese studie of studiereise onderneem het, opvallend. In teenstelling met die situasie in die RSA, is die verwerwing van 'n addisionele spesia=liseringskwalifikasie vir onderwysers aan skole vir blindes in Engeland verpligtend.

Slegs 6 personeellede uit 'n totaal van 52 aan die Skool vir Blindes beskik oor die Diploma in Buitengewone Onderwys. Hierdie toedrag van sake moet onder andere daaraan toegeskryf word dat sommige leerkragte die eertydse interne kursus wat deur die skool self aangebied is, deurloop het en ander nog besig is om die DBO-kursus te deurloop.

Die toekenning van onderwyspersoneel aan skole vir blindes in die RSA geskied in die eerste plek op grond van leerlingtal. Sodanige wyse van personeeltoekenning lewer wel probleme op aangesien die komprehensiewe aard van die skool nie in ag geneem word nie. Die grootte van die verskillende klasse vergelyk egter goed met die situasie aan skole vir blindes in enkele oorsese lande. Hierdie toedrag van sake moet deels daaraan toegeskryf word dat die kerk=

like beheerliggame van die skole vir blindes in die RSA sekere onderwysposte finansieel dra.

Gegewens in verband met die verwisseling en ervaring van perso= neel dui daarop dat skole vir blindes in die RSA, net soos dié in Engeland, oor ervare personeel beskik en dat die personeelsi= tuasie redelik stabiel is. Hierdie stabiliteit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat persone wat tot die onderwys vir blindes toetree, dié beroep as roeping en lewenstaak beskou.